



## Sawa 'n anker in moeilike tye

“In die tye waarin ons leef is Sawa 'n anker waaraan ons kan vashou as dinge skeefloop.”

So het Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, gesê toe hy die vergadering van die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NUB) Saterdag 11 Februarie by Bloekompoort geopen het. Hy het na 'n brief verwys wat tannie Lettie Leach geskryf het (kyk op bladsy 7) en onderstreep dat Sawa soos een groot familie is wat in moeilike tye baie vir sy lede kan beteken. Hy het by die organisasie se jaar-tema (Wees trots op Sawa) aangesluit en klem daarop gelê dat ons trots kan wees op wat ons bereik het. Maar hy het ook gevra of

die lede werklik trots is op wat hulle doen, bestuur op hulle hantering van sake, en of daar werklik erns is om die organisasie te laat groei deur lede-werwing en optredes om lede te behou.

“Is Sawa soos 'n boom wat by waterstrome geplant is?” het hy gevra na aanleiding van Psalm 1, waaruit hy by die opening gelees het.

Later het die Sawa-President, Nico Spaumer, in sy oorsig oor ledesake gesê dat vanweë moeilike finansiële omstandighede verwag kan word dat lede hulle kampbywoning sal afskaal. Dit beteken dat streke 'n laer bywoningpersentasie

kan verwag. Tydens die besprekings is gevra wat die doel is om hierop klem te lê as die trofee hiervoor reeds geruime tyd gelede op nasionale vlak afgeskaf is. Ouer lede wat deur die jare lojale Sawa-ondersteuners was en vanweë omstandighede nie meer by kampe kan uitkom nie, moet omarm word sodat hulle steeds deel van die familie bly en nie die gevoel kry dat hulle eenkant toe geskuif word “omdat dit die bywoningpersentasie nadelig beïnvloed nie”. Die klem moet eerder op die voordele van ledebehoud geplaas word as om bekommerd te wees oor kampbywoning. Alle lede is 'n bate vir Sawa, al kamp



Jurie Dreyer en Nico Spaumer

almal nie gereeld nie, is gesê.

Nico het ook beklemtoon dat ten spyte van swakker ekonomiese toestande ons nie net kan agteroor sit nie. Hy is opgewonde oor die inisiatiewe om saamtrekke vir veldwaens te reël en so 'n groot potensiele nis-mark te ontgin.

Oor die Hartenboskongres is gesê dat die beplanning vlot verloop. Die tema is: “Sawa by die See” en daar word onder andere 'n groot funksie die Vrydagaand op die strand beplan.

### Lees binne . . .

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawa-kleuters	6
Possak	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Nuusmakers	10
Verjaarsdae, lief, leed	11
Kampprogram	11
Fotoblad	12

### Nagereg van pap, whisky en kondensmelk



Hettie Smith se nagereg: Martiens Joubert kry whisky by sy pap en kondensmelk - Foto: Johann Lemmer



## OORDENKING

### Leef so dat die mense opreg lief word vir jou

Joh. 13:1: *Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.*

Om regtig 'n verskil te maak het jy mense om jou nodig wat saam met jou die pad loop. Jy kan hulle betaal, dwing, manipuleer of net vra. Verskillende tegnieke gaan verskillende resultate lewer. Mense wat met jou saamgaan omdat hulle vir jou lief is, skep egter heel ander moontlikhede. Mense wat jou liefhet, sal jou beskerm en jou besluite verdedig. Hulle sal sonder betaling na ure ekstra werk doen. Hulle sal met energie en entoesiasme werk. Hulle sal jou werklik help om 'n verskil te maak.

In die geskiedenis staan daar vir my 'n paar leiers uit wat veral naam gemaak het omdat hulle volgelinge hulle baie liefgehad het. Een wat my nog altyd gefassineer het, is Eva Peron. Haar kinderjare is gekenmerk deur ontsettende armoede en haar verlede was allesbehalwe vlekkeloos. Sy trou in 1945 met Juan Peron en word Argentinië se geliefde presidentsvrou. Sy sou veral opstaan vir vroueregte en armes. Programme vir die *descamisados* (die armes sonder hemde) en haar liefde vir die mense sou haar geliefd en byna ongesond gewild maak onder die volk. Sy bereik sterstatus. Haar dood aan kanker in 1952 het ongekende rou onder die mense veroorsaak.

Eva Peron (gebore Duarte) was geseën met 'n besondere charisma. Maar daar was iets meer. Sy kon liefde gee en losmaak. Miskien was dit haar arm kinderjare wat haar so sensitief vir die armes gemaak het. Vir hulle was sy 'n Messiaanse figuur ...

En die ware Messias. Hy het ons kom leer wat liefde vir die mense is en wat gebeur as die mense werklik lief raak vir Hom.

*Here, laat u liefde in my al meer en meer groei. Ek wil nie daarmee manipuleer nie, maar help my om daarmee 'n goddelike verskil te maak. Amen.*

**Uit: Lewe met Perspektief - Braam Hanekom (CUM)**

Breër verband

Sawa streef daarna om vir Afrikaans georiënteerde kampeers die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

### Presidente-saamtrek

Gedurende Paasnaweek  
vanaf 5 tot 9 April 2012

Voorafkamp vanaf

Dinsdag 3 April

Plek: Klipdraai (Meyerton)

Tarief: R150 per nag

Plaatjiegeld: R10

Besprekingsvorm by

bestuur beskikbaar

of skakel Sawa-kantoor by  
011 918 0699

Bankbesonderhede:

ABSA Boksburg

230 155 771

Kyk Kamp-Xtra vir meer  
besonderhede

**SAWA**



**KIEPERSOL**

### Streekbestuur 2011-2012

**Voorsitter:** Hennie Ferreira (083 226 3176) hennief@agency.co.za

**Ondervoorsitter:** Louis van den Berg (083 277 7307) vdubl@vodamail.co.za

**Sekretaris:** Ina van den Berg (079 393 3977) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Schalk Nolte (012 345 1605), Ronelle King (012 664 6611)

André Baker (012 654 6127)

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

Oor Sawa in die breë skryf die Redakteur:

## Leser vra of voorstellers van veldwa-saamtrekke dit goed oordink het



Johann Lemmer

Na die volledige beriggewing oor veldwa-saamtrekke in die vorige Kampkrummels, is dit te verstane dat daar vrae sou wees oor die saak. Oor die algemeen was die mondelinge reaksie positief. Dit wil voorkom of daar weinig struktuurverandering binne Sawa nodig sal wees.

Daar sal op streekvlak net addisionele veldwasamtrekke gereël word wat parallel met gewone saamtrekke aangebied word. Lede het dus 'n keuse watter saamtrekke hulle wil bywoon. In Kiepersol se geval word dit oor dieselfde naweek in Maart gereël en lede wat dit bywoon sal steeds erkenning vir Sawa-toekennings ontvang.

Streke Kiepersol en Mooifontein neem die leiding in die noorde. In ons geval word twee saamtrekke in die vooruitsig gestel wat deur Willem Nordejé en Willie Bronkhorst gereël word. Die eerste is parallel met die Marula-saamtrek op 19 Maart en vind by Serendipity in die Waterberg naby Naboomspruit plaas.

Streek Mooifontein beplan vanjaar ook twee saamtrekke. Rudi Britz sê dit gaan twee lekker groot geleenthede wees en hulle het reeds 20 plekke bespreek by die een geleentheid. Hulle beoog om dit volgende jaar na ses of selfs meer veldwa-saamtrekke uit te brei.

“Ons by Mooifontein het verseker dat daar 'n 4x4 verteenwoordiger op die streekbestuur is wat die verantwoordelikheid op hom neem en die res van die administrasie skakel in by die huidige streekreëlings. Ons sal graag wil sien dat daar op die Sawa-webwerf voorsiening gemaak word vir die 4x4-been waar ons ons bedrywighede kan bekendstel vir die res van die Sawanante om te sien”, aldus Rudi.

Kampkrummels het ook 'n brief ontvang van een van sy lesers, Christo van der Merwe, wat indringende vrae stel oor die geslaagdheid daarvan om meer lede vir Sawa te werf en die gevaar dat daar faksies binne Sawa kan ontstaan. “Na my mening spreek die voorstel nie Sawa se lede-probleem aan nie en het dit eerder die potensiaal om die probleem te vererger.”

Hennie Ferreira, voorsitter van Kiepersol, het gesê “Dis waar dat die veldwaens anders kamp as ons maar hulle is 'n nismark en 'n baie belangrike area waar Sawa nie verteenwoordig is nie. Indien ons nie hierdie mark toets nie hoe sal ons ooit weet?”, aldus Christo.

Christo se brief lui soos volg: “Ek het die gedagtes oor veldwaens en viertrekke en water voordeel dit vir SAWA inhou, in Kampkrummels van Januarie 2012 aandagtig gelees. Ek glo dat die voorstellers daarvan dit goed bedoel met SAWA maar ek wonder of hulle die saak goed deurdink het? Daar het onwillekeurig 'n paar gedagtes by my opgekom en ek sal graag ons ander lede se mening daarvoor wil toets.

“Volgens die statistiek wat ek gesien het, is die groot probleem met die SAWA-ledetal dat ons lede al ouer word, ons trek nie meer jongmense nie. Daarvoor hou ek

veral twee faktore verantwoordelik:

-Die belaglike prys van woonwaens. Watter jong paartjie in hul 20's of vroeë 30's kan by of oor 'n honderdduisend rand vir 'n woonwa betaal?

-Die vereiste vir 'n spesiale lisensie om woonwa te mag sleep. Wanneer 'n 18-jarige vir sy of haar lisensie gaan, dink hulle op daardie oomblik nie aan die moontlikheid om eendag woonwa te sleep nie, hulle wil net 'n motor kan bestuur. Later jare is dit te veel moeite om nou wéér vir 'n toets te moet gaan.

“So positief as wat ek nou maar wil wees daarvoor weet ek tog voor my siel dat die deursnee viertrek- en veldwa entoemas heeltemal 'n ander wese is as die deursnee Sawanant. Die veldwa entoemas wil graag op moeilike en onbekende plekke uitkom, daarvoor het hy tog die spesialis voertuie aangeskaf. Die deursnee Sawanant, soos ek, wil graag gelyk grasperke, goeie ablusiegeriewe en sover moontlik teerpaaië om hom hê. Saam met my *Ranger* het ek destyds 'n gratis uitnodiging ontvang om vir lesse in die gebruik van die ewenaarslot te gaan. Ek het nooit gegaan nie en het ook nog nooit die ding aangeskakel nie, stel net nie belang nie. As ek dit nodig sou kry, sal ek gou vir Fanie Marx skakel, hy sal my help!

“Wat gebeur nou wanneer ons weer reg is en ons wil gaan saamtrek hou, en dis 'n veldwa saamtrek? Ek sal mos nou nie eers in die verste verte oorweeg om my ou waentjie in die veld rond te sleep nie! Moet ek nou maar by die huis bly, of moet ek maar 'n streek soek wat nou nie daardie naweek bosse toe is nie?

“En sê nou maar ek kan, weens my tipe woonwa, daardie saamtrek nie bywoon nie, wat word van my 100% bywoning? Ja, ek hét gesien daar sal oor so 'n naweek twee saamtrekke gereël word maar kom ons wees nou eerlik, hoe lank sal dit hou? Ek wil voorspel dat die geesdrif daarvoor binne 'n jaar gaan doodloop.

“Ons probeer juis in SAWA om mense nader aan mekaar te trek. Indien ons nou twee keer per jaar saamtrekke hou wat net deur 'n eksklusiewe groep van die streek bygewoon kan word, hoe lank dink u sal dit duur voordat ons twee faksies in die streek het?

“Ons probleem lê nie by die tipe woonwa wat mense gebruik nie, dit lê by die bekostigbaarheid van kampering. Vandag se tente is baie luuks en vir jongmense bekostigbaar. Vir minder as die deposito vir 'n woonwa kan hulle hulself volledig toerus om lekker te gaan kamp. Ek sou voorstel dat ons liewers binne SAWA ons energie toespits daarop om jongmense, en ook ouer garde, met hul tente welkom te laat voel by saamtrekke.”



## Lekker Kampnuus



### Blye weersiens by Monateng

Almal was bly om mekaar weer te sien na die vorige kamp en die lang kersvakansie. Ons het by Monateng, 'n hanetreetjie vanaf die stadsgewoel, gekamp die naweek van 27 Januarie 2012. 'n Paar senior burgers was reeds vanaf Woensdag daar.

Met ons aankoms Vrydag was daar reeds sewe woonwaens. Gedurende die dag het al hoe meer opgedaag. Uiteindelik is 19 woonwaens plus drie van besoekers getel. Die kampkommandante moes bontstaan om sover moontlik vir elke woonwa 'n koelteplek te soek.

Vrydagaand is die boekevat deur Martiens de Swardt waargeneem. Daarna is tee en koffie gedrink en gesels.

Die boekevat Saterdagoggend is deur Frank en Hettie Smith waargeneem en daarna is verder gekuier.

Die oordbestuur het ook 'n besigtigingstoer na 'n nabygeleë krokodilplaas gereël. Party van ons lede het gaan rondry. Vrygewige skenkers het vir waatlemoene gesorg en die middag is dit deur Martiens en Stef geslag. Almal het heerlik gesmul.

Later die middag moes die kampkommandante oral op die terrein geskikte braaiers bymekaarmaak vir die aand se vleisbraai. Harde reën het byna die braai verongeluk. Die sakke met braaibrikette moes inderhaas na veiligheid gedra word. Gelukkig het die reën opgehou maar die braaidromme moes verskuif word vanweë die modderige grond. Die dames het weer gesorg vir heerlike slaai. Hettie en Bets het die nagereg voorsien wat onder andere bestaan het uit 'n kombinasie van mieliepap, whisky en kondensmelk! Dit het goed afgegaan. Schalk het deurentyd gesorg vir die mooiste musiek.

Terwyl ons Sondagoggend gewag het op die erediens, het Schalk gospelmusiek gespeel. Die diens is deur ds. Koos Lessing onder die koeltebome waargeneem. Hy was voorheen van Eldoraïne en heelwat kampeerders het hom geken. Hy het uit Ps. 43 (Stuur U lig en U waarheid) gelees en die volgende hoofpunte bespreek: Gebed, belydenis en geloofspad met die Here. Daarna is die gebruikelike afsluiting gehou. 'n Paar van ons wat saam met ds. Koos en sy vrou, Marina, aan die Eldoraïne gemeente verbonde was, het nog lekker saam gekuier en 'n vleisie gebraai voordat ons ook opgepak en huiswaarts gekeer het.

**Kampkommandante: Frank en Hettie Smith; Martiens en Marie de Swardt**

## Saamtrekdatums

### Saamtrekke vir 2012

#### Volgende saamtrek: Drie Berge

24 Februarie: Kampgeld vir naweek R410

Deposito van R205 moet betaal word

Kyk naweekprogram op bladsy 11

**Roete 1:** Ry tot by Brits. Draai regs by

Van Deventerstraat (laaste verkeerslig

voor die Brits/Thabazimbi-pad). Drie

Berge se ingang is aan die linkerkant so 'n

kilometer na Hoërskool Wagpos se hek.

Hekkode: Op aanvraag beskikbaar

Noodnommer 083 225 9990 (Martie)

GPS S 25.5748; E 27.7549

#### 16 Maart: Marula (Bela Bela)

Kampgeld vir die naweek R200

#### 6 April: Presidente: Klipdraai

Meyerton R150 per nag. Plaatjie R10

Vooraf vanaf 3 April R150 per nag

Besprekingsvorm by bestuur beskikbaar of

skakel 011 918 0699 (Sawa-kantoor)

#### 25 Mei: Buffelspoort (Sitrusfees)

#### 15 Junie: Nasionale Winterkamp

Klein Kariba: R176 per nag,

Vooraf R100 per nag.

Bespreek by Sawa-kantoor (011 918 0699)

Laat weet bestuur asseblief

#### 18 Augustus: AJV Klein Paradys (Brits)

#### 7 September: Oord later bekend

#### 12 Oktober: Nasionale Saamtrek

Malonjeni. Naweektarief R302

Bespreek by Sawa-kantoor (011 918 0699)

#### 26 Oktober: Kaia Manzi

Kampgeld vir die naweek R370

#### 16 November: Joos Becker (Kersboom)

Kampgeld vir die naweek R260

## Die Voorsitter sê Wees trots om 'n lid van Sawa- Kiepersol te wees

### Hennie Ferreira

Sawa se tema vir 2012 is “Wees trots op SAWA” en ek het dit vir ons streek aangepas na “Trots om 'n lid van Sawa Kiepersol te wees” Kom ons leef dit uit in alles wat ons dink, sê en doen vir Kiepersol en Sawa.

Met die eerste maand van die jaar reeds agter die rug is 2012 nou in volle swang. Ons eerste kamp te Monateng is goed ondersteun en twee moontlike nuwe lede het kom saam kamp. Frank en Hettie Smith doen ook verslag oor die Senior Burger-saamtrek vanaf Woensdag voor die kamp. Kyk verslae elders in Kampkrummels.

Ons het Saterdag (4 Februarie 2012) tydens 'n bring en braai, wat na afloop van ons bestuursvergadering gehou is, formeel afskeid geneem van bestuurslede wat uitgetree het naamlik Magriet Baker, Jerome Henning en Sonja de Jongh. Baie dankie aan hulle vir onbaatsugtige diens en groot bydrae tot die werksaamhede van Kiepersol en Sawa in sy geheel.

Die Filadelfia Ark-projek, wat deur Helpende Hand gefasiliteer word, benodig steeds onderklere vir mans en dames en broeke (kort en lank) vir die mans (meer groter as kleiner maties). Frank Smith sal laat weet wanneer ons dit weer aan hom moet besorg. Ons het ook 'n DVD gesien oor die plisie (met huisvesting) waar Helpende Hand betrokke is. Ons sal poog om dit ook tydens kampe aan almal te vertoon. Baie dankie aan die Smiths wat ons streek hierby betrokke gekry het en baie dankie aan elkeen wat oor die jare bygedra het.

Die volgende kamp is te Drie Berge, Brits vanaf 24 tot 26 Februarie 2012. Moet asseblief nie net kom kamp sonder om vooraf die deposito te betaal nie want ons was genoodsaak



om teen Vrydag 9 Februarie 2012 ons deposito's oor te plaas en het dus beperkte staanplek die naweek. Dit is jammer dat al hoe meer oorde nou deposito's vereis en dit moeiliker word om naweke bespreek te kry. Die naweekprogram is op bladsy 11. Let asseblief daarop dat die saamtrek wat by Dube gehou sou word gekanselleer is weens die hoe tarief van R500 vir die naweek (September 2012). Die streekbestuur gee nou aandag aan 'n alternatief en ons sal so gou as moontlike die nuwe oord bevestig.

Ons Mandjiedans/Sokkie vind die 3de Maart 2012 te Kendensaal (nou Denel Dynamics) plaas, koste R50 per persoon, kinders onder 12 gratis. Ondersteun asseblief hierdie fondsinsamelingspoging van die streek. Skakel Schalk Nolte (012 345 1605) indien julle nog nie kaartjies vir hierdie sosiale byeenkoms bekom het nie. Daar sal ook vure beskikbaar wees vir die wat wil braai.

In die laaste Kampkrummels is daar breedvoerig berig oor die 4x4-saamtrek te Serendipity (Waterberg). Hierdie 4x4-mark is nog nooit deur SAWA betree nie en laat asseblief al julle vriende weet van die geleentheid. Skakel Willem Nordejé (082-887-1090) of Willie Bronkhorst (083-260-4297) vir besprekings of enige verdere inligting.

Die Oop-NUB het die naweek van 11 Februarie 2012 plaasgevind en die voorsitter en Johann Lemmer

het die vergadering bygewoon. Daar word reeds in hierdie uitgawe oor die belangrikste sake berig.

Die Presidente-saamtrek word, soos gebruikelik, gedurende die Paas-naweek (6 tot 9 April 2012) te Klipdraai (Meyerton) gehou en ons as bestuur doen 'n beroep op almal om, so ver as prakties moontlik, asseblief die Presidente-naweek te ondersteun. Laat asseblief die sekretaresse (Ina van den Berg) weet indien julle gaan kamp. Besprekings vind by die Sawa-kantoor (011 918 0699) plaas.

Ek vertrou dat ons julle by die Drie Berge-kamp (24 Februarie) of Marula (Warmbad) in Maart sal sien.

**Ons naweek fokus bly op “lekker kamp.”** Kom geniet al die 2012 kampe saam met jou Kiepersol familie en onthou ek soek steeds kampkommandante.

Ek sluit af met die volgende aanhaling R Menachem Mendel of Kotzk: *“If I am I because I am I, and you are you because you are you, then I am and you are.*

*But if I am I because you are you, and you are you because I am I. Then I am not and you are not”*

Kiepersolgroete  
Hennie



*Hennie by bestuurslede wat uitgetree het: Jerome Henning, Magriet Baker, Sonja de Jongh*

**Tandartse by  
Elwierda Apteek**

**Dr René Pretorius**

**Dr Tania Erikson**

**Telefoon: 012 653 6154**



Storiwerf vir kleuters

## Sawa Kalantjies

Lekker lees!



### Die nare slak en die sewe wolwe

Op 'n dag besef ma wolf dat daar nie meer kos in die ys-kas is nie. Sy roep haar sewe klein wolfies nader.

"Kinders, ek moet woud toe gaan om te jag. As ek weg is, sluit die deur agter my en moet vir niemand behalwe my oopmaak nie. Verally nie vir die nare slak nie," sê ma wolf.

"Maar hoe sal ons weet as dit die nare slak is, mamma?" vra die slimste wolfie.

"As iemand klop en in 'n fyn, sagte stemmetjie praat, nie pote het nie en slym oral mors, weet julle dis die nare slak," sê ma wolf aan haar sewe kinders.

"Hoekom mag ons nie vir slak oopmaak nie, mamma?" vra een van haar wolfies wat nie té slim is nie.

"Hy sal sy nare slym op julle gooi wat julle sal verlam en dan sal die nare slak julle in sy dop sit tot julle versmoor. En wanneer julle eers dood is, sal hy julle een vir een stadig op eet."

Ma wolf is so vasgevang in haar eie storie dat sy vergeet die storie sal dalk die wolfies baie bang maak.

Een van die kleinste fynste wolfies begin huil en die ander ses wolfies staan styf teenmekaar en bewe.

"Ek is jammer as ek julle bang gemaak het met die storie, maar dis beter dat julle weet," sê ma wolf kortaf. Sy glimlag effens en verdwyn by die deur uit. Vinnig sluit die wolfies die deur agter haar en maak seker dat die nare slak nêrens sal kan inkom nie. (Elaine Schiel)

Word vervolg



-Tekening deur Emma Swiegelaar

## Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-  
GEBRUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota  
Gerrit Maritzstraat 597  
PRETORIA-NOORD  
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

## BRITS WOONWAENS



Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreeks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits  
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722  
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za

# POSSAK



## Lekker geles aan Kampkrummels

### Melvyn en Hester Wessels skryf per SMS:

Net om te sê hoe lekker ek aan ons Kampkrummels geles het. Asseblief moenie ophou stuur nie!

Ons is nog steeds in die Kaap by Avantara Van Zylsrus in Kuilsrivier. Dis 'n baie lekker en mooi kamp wat op 'n gholfbaan uitkyk. Ons beplan om binnekort rustig na Mosselbaai aan te kruie en daarna te gaan kuier in Addo. Weet nie wanneer ons Pretoria toe kom nie. Sê tog asseblief baie groete aan almal.

Mooi bly  
(Volgende keer plaas ons 'n artikel oor Melvyn en Hester se omswerminge met die woonmobiel. -Red.)

## My dag is gemaak!

### Lettie Leach skryf:

Die redakteur het weer my dag gemaak met Kampkrummels.

Ons sê dit so min, maar baie, baie dankie vir die manier wat jy dit doen, Johann, veral vir die foto's wat jy plaas. Dit laat 'n mens sommer deel voel van die saamtrek.

Onthou, as 'n mens nie meer kan kamp nie is dit 'n voorreg om te sien en lees wat by die kampe aangaan. As 'n mens nie meer kan deel hê aan al die geleenthede nie, is dit 'n groot deel van jou lewe wat jy prysgee om nie meer by jou vriende (familie) te kan wees nie.

Op 'n ligte luim: Onthou, jy is net dood as jy jou asem die dag uitblaas! *(Ons moet dus liever nie van "dooie" lede praat as mense se omstandighede so is dat hulle nie meer kan kamp nie. Red)*

Daar is iets wat ek graag van my

hart af wil kry. Ek dink so baie aan van ons senior lede wat nie meer kan kamp nie, om watter rede ookal. Lede wat vroeër staatmakers in hul streke was, soos bv. oom Gert en tannie Anna Rall. Sommige van hulle kan later, weens 'n krimpemde pensioen, ook nie eers meer die jaarlikse ledegeld bekostig nie en moet noodgedwonge SAWA bedank. Dan is hulle afgesny van SAWA, hul vriende, hul familie.

Kan 'n mens nie 'n uitsondering maak dat hulle nog die Nuusbrief kry nie? Ander streke het seker ook sulke lede.

Baie liefde en groete aan al my vriende (familie), ek mis julle! Ek wens julle alles wat mooi en goed is toe vir 2012. Baie sterkte met 'n groot dankie aan al die bestuurslede vir al hul harde werk en tyd wat hulle opoffer.

Liefde

## Veteraanlede vir Sawa?

### Christo van der Merwe skryf:

Ek is bewus van tannie Lettie se brief en ek stem heelhartig saam met die inhoud daarvan, haar gelukwense en ook haar bekommernis.

Tannie Lettie roer 'n baie teer maar kardinale punt aan. Ons gesin, soos baie ander van SAWA, se kennis en goeie vriende is byna almal deel van SAWA. Aanvanklik was ons, met ons gesinslede, almal aktiewe lede van SAWA en het ons saam gekuier, getoer, aan alles deelgeneem en saam kinders grootgemaak.

Soos wat die jare aanstap, het ons en ons vriende ook senior burgers geword en die pas 'n bietjie stadiger gevat. Op die oomblik geniet ons ons senior burgerstatus, maar die dag gaan kom dat ons ook nie meer daaraan sal kan deelneem nie en dalk ook sal moet bedank.

Dis dan wanneer die groot eenzaamheid kom, jou verbinding met jou vriende, en soos tannie Lettie sê "familie", is afgesny. Vir lede wat aktief aan SAWA deelgeneem het, is dit 'n groot slag.

Ek wil graag 'n blaadjie uit 'n ander organisasie waaraan ek be-

hoort se boek neem, die ereveldwagters van SANParke. As ereveldwagter is daar twee maniere waarop jy die organisasie kan verlaat: 1) jy kan bedank en op die wyse alle bande afsny, of 2) jy kan aansoek doen om veteraan-status. Dit word net onder baie streng en baie uitdruklike voorwaardes toegeken.

'n Veteraan het nie meer stemreg nie, doen nie meer diens nie en mag nie meer uniform dra nie. Maar veterane mag nog die ereveldwagterbaadjie en das dra en ontvang nog gereeld nuusbriewe en notules. Hulle word na alle sosiale geleenthede genooi en mag vergaderings bywoon. Die band met hulle word m.a.w. behou, en dis 'n baie spesiale band.

Moet ons streek nie dalk so 'n voorstel aan die komende Kongres voorlê nie?

Vriendelike groete

## Streekbestuur vra kommentaar oor veteraanlede

### Hennie Ferreira skryf:

Die streekbestuur het tannie Lettie en Christo se briewe indringend by die jongste bestuursvergadering bespreek. Daar was verskeie menings en daar is besluit om kommentaar van lede te vra.

Die streekbestuur is bewus daarvan dat vorige voorstelle en pleidooie vir 'n addisionele ledelys met byvoorbeeld onaktiewe lede, erelede ens. herhaaldelik van die hand gewys is met die motivering dat daar nie eerste en tweede klaslede kan wees nie, dat almal op een lys is en dat bywoningspersentasies by saamtrekke nie as argument gebruik moet word nie omdat dit nie deurslaggewend is nie (en nie teen 'n streek tel of benadeel nie).

Daar is egter baie meriete in tannie Lettie se betoog soos onderskryf deur Christo. Die posisie is dat erelede tans op die ledelys is maar nie ledegeld betaal nie. Sou dit nie makliker wees om lede wat nie meer kan kamp nie aan te moedig om lede te bly nie? As ledegeld nie bekostig kan word nie, kan so'n lid aansoek doen om vrystelling maar steeds op die lys bly soos erelede wat nie ledegeld betaal nie. Wat sê julle?

# Schalk gesels met mense wat elke geleentheid as 'n uitdaging gesien het

Ek sit hier in die koelte tussen bome op Monateng, en probeer my gedagtes bymekaarkry om iets te probeer skryf, maar dis nogal moeilik so na aan die natuur om aan iets anders te dink terwyl almal rondom my in 'n kampgees vasgevang is, en Willem de Jongh oorkant my besig is om my "puzzle" uitmekaar te probeer haal! Ek het die inligting alreeds op papier, maar moet dit nog steeds in 'n storie omskep. Nou ja, hier gaat ons, laat ons sien wat spring uit!

Hierdie meisie met die snaakse name I... Violitta Zitzke is op Heilbron gebore as die vierde van vyf kinders, vier dogters en heel laaste 'n seun. Sy het grootgeword op 'n plaas in die middel tussen Heilbron, Koppies, Sasolburg en Parys. As daar 'n ongeluk gebeur het, het die Polisie gewoonlik gestry oor wie se area dit nou eintlik was. Die twee oudste kinders moes met 'n donkiekar Doverstasie toe ry, en van daar af skooltoe op Koppies. Sy is direk vanaf sub A na die Koppies- koshuis toe, en was daar tot matriek. Haar pa het haar darem naweke met sy Dodge kom haal, maar as dit dan hard gereën het, en die spruit het afgekom, moes hulle maar op die plaas bly totdat dit afge-loop het. Hier het sy die lewe geniet as 'n gelukkige, gesonde plaaskind. Sy het in die laerskool vir die eerste span netbal gespeel, naweke in die modder plaasdam geswem, boom geklim en doringboomgom geëet. Haar oupas en oumas het op die plase weerskante van hulle geboer, en Sondag het hulle na die Duitse kerk op die plaas Groenvlei in die Heilbrondistrik gegaan. Haar eerste groot liefde was in standerd sewe, vir 'n karate instrukteur in matriek, iets wat haar genoep het om sommer dadelik by hom vir karate klasse in te skryf! Hulle kon darem bietjie pouses met mekaar gesels en soms saam debatsaande en tiekie-aande toe gaan! Hy is in Welkom gebore as die tweede van drie kinders.

Hy is in Welkom gebore as die tweede van drie kinders en is na die

Welkom Volksskool tot standerd twee. In sub A het hy 'n rugbese-ring opgedoen waarmee hy vandag nog sukkel, toe 'n skoolkind hom duik terwyl hy op sy kop in 'n sandput gestaan het. Sy pa het vir 'n bouhandelaar gewerk en in 1963 op Koppies 'n "swart" winkel gekoop, en onder andere hout en kole verkoop. Hier het hy op 'n vroeë ouderdom al geleer hoe om 'n vragmotor te bestuur. Hy moes party middag na huiswerk stasie toe loop om te help met kole oplaai op die vragmotor, wat hy dan terug huis toe moes bestuur. Die verkeerskonstabels kon hom nooit vang nie, en toe hy die dag gaan vir sy lisensie, het die ou dit sommer uitgeskryf en vir hom gegee sonder enige verdere toetse! In standerd ses het hy karate begin neem, in matriek Vrystaatkleure verwerf en ook klasse begin gee daarin. Sy geskiedenisonderwyser het ook by hom klas geloop, en hy het die geleentheid gehad om die onnie se arm gedurende 'n skermoefening af te skop, omdat hy hom kwansuis seergemaak het!

'n Deel van al die "sports" wat hy op skool gehad het, was wanneer 'n jong boertjie hom op sy fiets, met 'n motorfiets, na sy plaas toe gesleep het. Daar het hy van elektronika geleer en later sy eie versterker, luidsprekerkaste en modelvliegtuie gebou. Hy het plate begin koop en later musiek daarmee gemaak op plaaspartytjies tot hy getroud is. Hy het nog allerhande ander "sports" ook op skool gehad, maar ek moes dit ongelukkig sensor, anders moes ons dalk 'n VSNL ouderdomsbeperking op Kampkrummels plaas!


Na matriek het hulle uitgemaak omdat hy universiteit toe is om aptekerswese te swot, maar hy het dit na 'n jaar opgeskop om sy pa te gaan help in die derde winkel wat hy gekoop het. Sy het intussen na matriek op Vereeniging gaan verpleeg. Gedurende 'n kuier by haar ouers is hulle eenkeer Koppies toe

en het toevallig by hom in die winkel ingeloer en hulle het mekaar weer raakgesien, en toe is die gort gaar! Daardie selfde aand was hy by haar op die plaas en hulle het tot laataand gekuier, ens! Met die geld wat hy gekry het met die verkoop van 33 klein hondjies wat hy van drie "Old English Sheepdogs" ontvang het, het hy 'n Chevrolet 3800 gekoop en amper opgerig Vereeniging toe voordat hulle verloof geraak en in 1976 in Koppies getrou het. Later het hulle 'n plot gekoop buite Koppies en in die aande het hy staanhorlosies gebou vir 'n ekstra inkomste. Hier het hy geleer hoe om fyn houtwerk te doen. In 1979 het hy hulle eie huis gebou, en van toe af kontrakteurswerk gedoen terwyl hy ook 'n ysterwarewinkel besit het. Hy het ook later 'n tweesitplek KR2 vliegtuigie met 'n Volkswagenenjin gebou, ongeveer 350 vliegure daarmee gevlieg en verkoop. Tans lê dit op 'n skrootwerf agter 'n vliegtuigloods in Kenia.

Pierre en Iloma de la Harpe was baie betrokke by die Koppies gemeenskap waar hy tien jaar op die Stadsraad gedien het, waarvan twee jaar as burgemeester, totdat hy in 1994 die pos aan die ANC moes oorgee. Uit die huwelik is Francois in 1980, en Eugene in 1983 gebore. Hulle het een kleindogtertjie van "dlie en 'n half jaal" oud. In 1991 het hulle by SAWA aangesluit, in 1998 Pretoria toe getrek, in 2000 by Kiepersol aangesluit, en het ongeveer 70 kampe agter die blad. Hulle kon lank nie kamp nie as gevolg van Pierre se kontrakteurswerk in Parys. In hulle lewe het hulle geleer dat eerlikheid en respek vir jou medemens baie belangrik is, en vertrou in die Here, wat alles voorsien.

Hulle albei het geleenthede aangegryp en die beste daarvan probeer maak, soos Brad de Haven in "The Currency of the Future" sê: "A pessimist sees the difficulty in every opportunity; an opportunist sees the opportunity in every difficulty".





Seniors



## Seniors kamp by Monateng en gaan kyk na muurskilderye

Woensdagoggend 25 Januarie is ons nie haastig om by die kamp te kom nie want Monateng is maar 50 km van ons af. Die eerste keer in 'n baie lang tyd besluit ons om met die N1 daarheen te ry. Alhoewel daar nog aan die snelweg gewerk word, ry ons sonder enige oponthoude.

Met ons aankoms het die Ralls reeds kamp opgeslaan en is tannie Anna besig met haar gunsteling tydverdryf, breiwerk. Ons maak die woonwa staan en ontmoet toe Kiepersol se gas vir die naweek, Hans Burger van Valhalla, wat net agter ons ingetrek het. Hy gesels en kuier heerlik saam met die Kiepersollers.

Donderdagoggend slaap ons laat, maak ontbyt en wag vir Johann en Alet Lemmer. Na hulle woonwa staan-gemaak is vertrek ons paar kampeerders na Silverton om by die ou leerlooierij-gebou, *The Tannery*, na die muurskilderye deur Fourie Ackerman te gaan kyk en dan middagete te geniet by die *Lions Den* restaurant. Dié meer as lewensgroot skilderye met natuurtonele is 'n absolute moet om te sien, as jy nog nie daar was nie ry soontoe en gaan kyk!

Ons ry terug na Monateng in 'n hewige reënbus. Terug by die kamp daag die Lemmers net nie op nie. Ons hoor toe later hulle wou gaan brandstof ingooi en daar wou die petrolklap nie oopmaak nie. Om die elektroniese probleem op te los moes hulle na 'n Mercedes-agentskap toe ry wat dit gelukkig kon herstel.

Jannie en Ina van den Berg daag laatmiddag op en ons kuier tot laat, al moes Jannie Vrydagoggend vyfuur ry om te gaan werk

Op die seniors se program vir Vrydag staan onderaan: "Moenie oppak nie, die naweek begin nou eers". Die woonwaens kom van vroeg af aan, en ons kamp en kuier heerlik tot Sondag.

### Frank en Hettie Smith Kampkommandante



Kyk ook foto's op bladsy 12

Seekoeie

jongklomp



### ‘n Tiener vra:

## Waar kom Valentynsdag en die rooi hartjies vandaan?

Dis Valentynsdag die 14de Februarie. Dis 'n tyd van hartjies en liefde en ons tieners floreer. Maar waar kom die dag en die gebruik vandaan?

Valentynsdag het waarskynlik sy oorsprong van die antieke Romeinse fees van Lupercalis, wat 15 Februarie gevier word, gekry. Die feesviering is geleidelik geassosieer met die feesdag (14 Februarie) van twee Romeinse martelaars, beide St. Valentine genoem, wat in die derde eeu geleef het. St. Valentine is tradisioneel eerbiedig as die beskermheer van verliefdes.

Daar is egter ook sekere twispunte aangaande St. Valentine, na wie die gewilde dag vernoem is. Argeoloë, wat 'n Romeinse grafkelder en eertydse kerk opgegrawe het, is nie seker of daar slegs een Valentine of meer nie was nie. Vandag erken die Rooms-Katolieke Kerk ten minste drie verskillende heiliges wat Valentine of Valentinus genoem is – van wie almal gemartel is op 14 Februarie – ten minste

twee van hulle in Italië gedurende die derde eeu.

Die mees gewilde kandidaat is egter 'n derde eeu-se priester wat Christenskap gepraktiseer het en geheime huwelike uitgevoer het – teen direkte opdragte van Keiser Claudius II wat geglo het ongetroude soldate sou makliker by sy weermag aansluit.

Die legende is dat Valentine 'n nota aan sy vriendin (die gevangene se dogter) gestuur het wat sê "From your Valentine" voordat hy tereggestel is op 14 Februarie in die jaar 270. (Hierdie frase word steeds vandag prominent in kaartjies gebruik).

Rooi is 'n kleur wat sterk gevoelens vereenselwig. Kant is lank gelede reeds gebruik om dames sakdoekies mee te maak. Honderde jare gelede het vroue hul sakdoeke laat val wanneer hulle hul oog op 'n man gehad het en hom daarmee aangemoedig. So het mense aan kant begin dink wanneer hulle aan die liefde dink.

Hierdie Kampkrummels word op Valentynsdag versprei, geniet dit! (Artikel in Vroueblad)

# Nuusmakers . . Nuusmakers . . Nuusmakers



*Martiens en Marie de Swardt het 'n aansporingsplaatjie vir 40 Eie Streek-saamtrekke ontvang*

◀ *Kampkommandante by Monateng: Frank en Hettie Smith, Marie en Martiens de Swardt*



*Verdiens-teplaatjie vir bywoning: Lenie en Willy Lubbinge*

◀ *Jannie vd Berg werskaf onder sy woonwa met die hulp van André le Roux*



**Skakel om 'n afspraak te maak**  
**072 949 6293**  
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

**Ondersteun ons eie mense**

## ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za  
Noodnommer 082 460 0162

### Kom maak kennis en kry:

- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

## Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172

# VERJAARSDAE



*Dis vir Kamp-  
krummels baie  
aangenaam om  
die mense wat  
hieronder  
genoem word  
geluk te wens met  
hulle verjaarsdae*

## MAART

1 Maria Nordejé  
4 Beulah Groenewald  
6 Enrico Zietsman  
7 Luan Kruger Bosch  
8 Willem de Jongh

8 Jandré Combrinck  
10 Christa de Vries  
10 Martiens Joubert  
12 Etienne de Swardt  
14 André Groenewald  
16 Charlie King  
16 Pieter van Biljon  
18 Suné van Huyssteen  
18 Edward Whelan  
19 Dianne du Preez  
19 Francois de Vries  
19 Guillaume Jordaan jnr  
19 Alisandri Olivier  
20 Elize Schoeman  
21 Mareli Olivier  
25 Helmien van Biljon  
22 Chantal Baker  
24 Gerhard Schoeman  
25 Bernice Fourie  
30 Nicoli Lewis

## Kuier by mandjiedans, sokkie

Kom kuier en verkeer lekker sosiaal saam met vriende by Kiepersol se mandjiedans, sokkie op Saterdag 3 Maart by Kendensaal, Denel. Braaivleisvure en musiek sal verskaf word. Dis ook 'n fondsinsameling vir ons streek en ons sal bly wees om almal daar te sien. Kaartjies is teen R50 stuk by Schalk (012 345 1605) beskikbaar.



## Lief en leed

Linda de Jager se seun, Mighael, is onlangs getroud.

WP Bronkhorst (van Willie en Elma) het Sondag be-lydenis van geloof in Sesmyspruitgemeente afgelê.

Marco Michau is gekies om deel te vorm van die Laerskool Wierdapark se leierskorps (prefekte).

## Kampprogram by Drie Berge

“Ons eet Sondag lekker saam in die vorm van 'n 'brunch', so bring asseblief bestanddele saam en sluit by ons aan. Saterdag is daar potjiekos wat gratis aangebied word.”

So sê die kampkommandante vir die naweek en vestig die aandag op die volgende volledige naweek-program:

### Vrydag 24 Februarie

Arriveer en slaan kamp op  
19:00 Boekevat en registrasie  
19:15 Worsbroodjies te koop teen R15  
Koffie, tee of sap

### Saterdag

Ontdek en geniet die volgende aktiwiteite in eie tyd:  
Swembad, stappaadjies, visvang in rivier, bergfietspaad-  
jies, voëlkyk. Ook tennisbaan en vlugbalbaan.  
18:00 Boekevat  
18:30 Potjiekos (gratis)  
Agtergrondmusiek

### Sondag

Erediens  
10:30 Gesamentlike laat ontbyt (“brunch”)

**Kampkommandante:** Ronelle en Charlie King;  
Hannie en Hennie Ferreira

*Trots om 'n lid van Sawa-Kiepersol te wees*

### Alternatiewe roete na Drie Berge

N4-tolpad tot by die Garankuwa-afrit. Regs oor tolpad vir so 2 km tot by die T-aansluiting (Brits/Soshanguve-pad). Draai links en so 20 km verder draai regs by die Dikhololo-pad. Ry so 6/7 km en draai links by die 4-richting stop en ry dan so 2 km tot by 'n T-aansluiting (Brits/Rashoop-pad). Draai links in rigting van Brits. Die uitdraaipad lê dan aan die regterkant. GPS S 25.5748; E 27.7549. Hekkode op aanvraag beskikbaar. Noodnommer 083 608 3409

Seef Delport was in die hospitaal waar 'n operasie aan sy knieg gedoen is. Sy dogter het by haar werk geval en in die hospitaal opgeneem. Die heupbreuk is egter nie dadelik gediagnoseer nie met gevolglike ernstige ontsteking. Sy is ernstig siek.

Johann Lemmer se jonger suster se borskanker het na die lewer en brein versprei. Sy kry tans bestraling.

Martie van der Merwe ondergaan in Maart 'n heupvervanging.

Willie Bronkhorst was onlangs in die hospitaal.



# Kiepersol se seniors kyk na reuse muurskilderye



*Kameelperde*



*Luiperds*



*Koedoes*



*Ons was baie welkom by ons eerste Saamtrek vanjaar*



*Gert Rall se vuur*



*Gesellige groep: Frank Smith (links) gesels met ds Koos Lessing tydens teetyd Sondag*

**Foto's deur Johann Lemmer**



*Seniors drink tee by ou leerlooier: Hans Burger, Hettie Smith, Alet en Johann Lemmer, Frank Smith, Gert Rall*



*Saterdagoggend was daar 'n uitstappie na 'n nabygeleë krokodilplaas*



*Martiens de Swardt, en Stef Maritz slag terwyl Hennie Ferreira (middel) eet aan die waatlemoene*



*Soos altyd het die tafel gekreun van al die lekkernye by Sondag se tee*



*Daar kan ook skaak gespeel word*



*Vrolike bui: Pieter, Willem, Jannie, Frank, Willie, Elma, Willem en Maria*